


Ons is 'n **familie** vol **liefde**

T: 044 691 2465
E: admin@ngmosselbaai.co.za
www.ngmosselbaai.co.za

# FAMILIENUUS SONDAG 29 Junie 2025

**Prediker:** Pierrié Kies
**Skrif:** Lukas 9:23-25 & 51-62
**Tema:** Soek die regte pad: Wat Jesus alles van jou vra.

---

Die Spesiale deurkollekte gaan vandag vir die **Haven Nagskuiling.** Die nagskuiling is 'n welsynsorganisasie wat tydelike skuiling, liggaamlike versorging, maatskaplike welsyn en familieherenigingsdienste bied aan volwasse haweloses. Behalwe dat ons gemeente hul finansieel ondersteun, is van ons lidmate ook aktief by hierdie tuiste betrokke.

---

## WINTERVAKANSIE EREDIENSTYE

Tydens die winterskoolvakansie skaal ons af na **slegs een erediens om 10:00 op 29 Junie, 6, 13 en 20 Julie.** Geniet die vakansie en veilig reis!

## SPESIALE AANDDIENS

Vanaand om 18:00 is daar 'n spesiale aanddiens in ons kerkgebou vir die 340 Voortrekkers wat die Seejol Voortrekkerkamp bywoon. Ds Dean lei die erediens.

---

## PREDIKANTE

| **Henri Meyer** | **Pierrié Kies** | **Dean Bentley** |
|---|---|---|
| 083 455 6940 | 076 110 4202 | 084 782 4595 |
| henri@ngmosselbaai.co.za | pierrie@ngmosselbaai.co.za | dean@ngmosselbaai.co.za |

Almal word genooi vir koffie of tee na kerk by die Gemeentehuis.

**NUWE LIDMATE**

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**

Meld asb aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se portaal of kerkkantoor vir lidmaatskapvorms

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG**<br>30 Junie | | |
| **DINSDAG**<br>1 Julie | | 11:00 Seewind (sop en broodjies) |
| **WOENSDAG**<br>2 Julie | | |
| **DONDERDAG**<br>3 Julie | | |
| **VRYDAG**<br>4 Julie | | |

## PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudingsprobleme, huweliksprobleme, geloofsprobleme, werkskrisisse, rousmart, ens. Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr. Ben Joubert 082 921 0348.

## GEBEDSBROKKIES

Jy wat jonk is, moet vreugde vind in jou jeug en jou jong dae ten volle geniet ...
Hou kommer uit jou hart en vermy wat jou liggaam kan kwaad doen
Prediker 11:9-10

Verander die wêreld, Here. Begin by my.
CHINESE STUDENT

## KOMMUNIKASIE NA DIE GEMEENTE

Om deel te word van die gemeente se Whatsapp-groep, gebruik asb die QR kode of stuur jou naam en nommer vir Corné (083 964 6368) om jou by te voeg.

## SKAAPKOPETE – 18 JULIE 2025

Vrydagaand, 18 Julie is daar weer 'n skaapkopete in die Klipkerk.
Koste is R130 per kop met roosterkoek en konfyt by. Bring eie eetgerei en drinkgoed.
Bespreek & betaal by kerkkantoor
Gou spring! Daar is slegs 75 koppe.

## CARNARVON MUSSIEPROJEK

Kranige breiers kan mussies van enige grootte brei of hekel. Indien jy net wol wil skenk is dit ook welkom.

## SEEWIND: WINTERPROJEK

Die Seewindbediening wil graag vir elke hawelose persoon 'n kombers gee op hul volgende byeenkoms, 22 Julie. Ons gaan ongeveer 40 komberse benodig. Skenkings kan na die kerkkantoor gebring word tot 18 Julie.

**Seewind benodig nog vrywilligers om betrokke te raak by die bediening.**
Kontak asb vir Riaan van Nierop (082 337 5029) vir meer inligting.

## PERSONEEL MET VERLOF

Pierrie Kies: 30 Junie tot 16 Julie;
Henri Meyer: 7 Julie tot 20 Julie;
Deleen J van Vuuren: 7 Julie tot 20 Julie.

## ACVV, HUIS SEEBRIES BASAAR

Die ACVV Seebries Tehuise, hou hul jaarlikse basaar op Saterdag 5 Julie, hier by ons in die Klipkerk.
Indien daar gemeentelede is wat bereid is om 'n donasie van gebak / bestanddele / kontant te skenk, sal dit waardeer word. Finansiële bydraes kan gemaak word by die kerkkantoor. Dui net aan dat dit vir die tehuise is.
ENIGE GEBAK OF POEDINGS (voor 3 Julie 2025)
BESTANDDELE: (voor 1 Julie 2025) OF SO GOU MOONTLIK
Baie dankie vir almal wat so getrou ons tehuise ondersteun.
Woon gerus die basaar by op die 5e Julie 2025 in die Klipkerk.

---

## OPSKOPPERSTOER: 2-4 SEPTEMBER 2025

Kom geniet 'n heerlike natuurervaring hierdie jaar! Daar is nog 5 plekke

**Dinsdag 2 September**

Die toer begin met ontbyt in Wildernis. Daarna vertrek ons na Thesen Eiland vir 'n bootvaart. Met die terugkeer drink ons koffie by "ile de pain"/ Nest. Motorfiets-entoesiaste kan skuins oor die straat op hul eie tyd en koste die motorfietsmuseum besoek. Dan vertrek ons na Portland Manor Knysna , geleë op die Rheenendalpad. Ons oornag in hierdie historiese landgoed geleë aan die voete van die Outeniqua bergreeks.

**Woensdag 3 September**

Na ontbyt vertrek ons na die Belvedere Anglikaanse Kerk vir 'n gebedswandeling. By Stormsrivier Village wag vir ons 'n unieke ervaring tydens 'n houtkapperstoer in die geelhout woude. Daarna vertrek die groep na die Tsitsikamma Nasionale Park. Hier sal genoeg tyd wees vir kort staproetes (veral die hangbrug na die uitkykpunt). Ons braai (bykans op die rotse), kuier, oornag en eet ontbyt in die restaurant.

**Donderdag 4 September**

Teen 'n spesiale prys besoek ons Birds of Eden na ontbyt. Besoek word ook gebring aan die Old Nic Village by Plettenbergbaai vir 'n koffietjie en selfbegeleide toer by die Mungo unieke wewery en hul produkte. Op terug huistoe eet ons eers weer heerlik saam in Wildernis.

**Algemeen**

Die koste van die toer is **R 3 480 per persoon**. As gevolg van die grootte van die groep en beperkte akkommodasie is in albei akkommodasieplekke gesinseenhede bespreek (twee kamers met gedeelde badkamer…. kry dus vir jou en jou ander helfte twee lekker geesgenote om te deel.) Ongelukkig kan ons slegs 40 persone akkommodeer op die toer.

Almal ry met hulle persoonlike vervoer. Maak dus jou motor vol, indien jy so verkies, met ander geesgenote.

**Deposito van R1500 pp betaalbaar** (Indien jy deposito betaal het en iets onvoorsiens gebeur, is dit jou verantwoordelikheid om iemand in jou plek te soek)

**Finale bedrag betaalbaar voor: 8 Julie 2025**

Indien jy belangstel, gee jou naam op by die kerkkantoor

Vir enige verdere vrae totdat detailprogram aan toerlede verskaf word, kontak slegs per **WhatsApp** 082 6953 672

## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise; **Ben van der Merwe**, hospitaal (Martina 0); **Shirley Coetzee**, kanker, (Johan 083 419 4399); **Willie Woudberg,** kanker (082 737 1883), **Linda Marx**, kanker (083 725 4556); **Jan Steyn**, kanker, (Lynette 083 627 1294); **Percy van Schalkwyk**, hart, (Heather 072 225 9177); **Johann de Wet**; **Jeanne Claassen**, kanker, (082 510 7177); **Hans Szewzyk**, kanker (Marie 082 202 2352); **Dewald Lourens**, (082 4194418); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

*Laat weet asb die kerkkantoor of 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek*

## IN LIEFDEVOLLE HERINNERING

†**Pierre Botes.** Sy gedenkdiens vind plaas op Dinsdag 1 Julie om 11:00 (Celna 082 783 1547).

## GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom.
Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate.
Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

## KERKBODE

Lees 'n aanlyn weergawe van **Kerkbode** by: https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/
Die **Vrydagnuus** is die amptelike nuusbrief van die NG Kerk Wes-Kaapland. Om in te teken om weekliks die nuusbrief per epos te ontvang gaan na https://kaapkerk.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

**Vir sendingbydraes:**
GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

Snap here to pay
SnapScan

## BEDIENINGS

**ROEPING:** Lodewyk Coetzee, 082 939 0443 & Ben Joubert 082 921 0348
**GEBED:** Alta van Zyl, 083 257 3884
**EREDIENS:** Herman Spies, 082 373 5700
**DIAKONIE:** Koos Crause, 083 229 1178
**FAMILIE:** Henk Brits, 082 855 7136
**OMGEE:** We-Nita Joubert, 082 414 5608
**Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
**Eenique-enkelgroep: Ananda Wessels, 083 480 9653
**SENIORS:** Jan de Witt 082 695 3672
**Amandelboord: Elna Gous, 081 270 2251
**Opskoppers: Jan de Witt, 082 695 3672
**GETUIENIS:** Herman van Huyssteen, 083 393 3760
**AKSIE SAMARITAAN:** Johan Meyer, 082 772 5490
**FINANSIES:** Cobus Coetzee, 082 453 3305
**EIENDOMME:** Willem Knoetze, 082 408 6769
**DVK:** Kobus Weideman 082 807 5154
**NUWE LIDMATE:** Frank Tomas, 083 388 3657
**GASVRYHEID:** Valerie Winter. 082 459 1118
**KOMMUNIKASIE:** Dean Bentley
**BASAAR:** Louwrens de Wet, 083 308 4463

## KERKKANTOOR – 044 691 2465

*Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste.*

**Admin. Beampte (Skriba):**
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za

**Finansiële beampte (Kassier):**
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za

**Koster:**
Johann Rossouw: 076 582 0619

**Musiekleier:**
Franco Engelbrecht: 079 926 1818

**Pastorale terapeute:**
Ben Joubert: 082 921 0348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127